# KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 199
18 Februarie 2022

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto


In **hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte en Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### Geleenthede

In 'n vorige era, in die vorige eeu (vir die wat kan onthou), was daar op Springbok Radiostasie vervolgreekse soos *Squad cars* en *Taxi*. Elkeen van die reekse het eie sêgoed gehad wat by herhaling gebruik is. In *Taxi* het een van die karakters (Chuck Edwards) altyd dieselfde reageer indien daar 'n klop aan die deur was. Hy het gevra: "*Wonder wie is dit*?" Na die tweede klop het sy vriend (Red Kowalski) standaard reageer: "*Ons weet dit is nie geleentheid nie, want geleentheid klop net eenmaal."* (vertaal uit die moeilikste Afrika taal - Engels)

Geleenthede is nie altyd ewe sigbaar of herkenbaar nie. Daar is menige 'n geleentheid wat eintlik kan uitloop op verleentheid. Ons sien nie elke geleentheid raak nie, ons herken dit nie altyd nie omdat ons so baie maal gewoon nie op die uitkyk is vir geleenthede nie. Sommige mense is so blind in die lewe dat 'n geleentheid daardie persoon met 'n nat vis deur die gesig kan klap en hulle sal dit nie raaksien nie.

Aan die ander kant is daar mense wat geleenthede skep en aktief op die uitkyk is vir geleenthede. Nie altyd alle geleenthede nie, maar geleenthede in 'n sekere rigting of veld.

*WAT: geleent'heid s.nw., geleenthede. 1 Gunstige, geskikte, gerieflike toestand om een of ander doel te bereik of vir een of ander handeling; kans; aanleiding: By die eerste die beste geleentheid sal ek die saak aanroer. Van toe af het (Judas) 'n goeie geleentheid gesoek om Hom oor te lewer (Matt. 26:16). Ek sal 'n geleentheid vind om met hom te praat. 'n Geleentheid aangryp, waarneem, van 'n gunstige oomblik gebruik maak. Iemand in die geleentheid stel om die Minister te ontmoet. 'n Beroep wat geleentheid laat vir byverdienste. Let tog op hoedat hy 'n geleentheid teen my soek (2 Kon. 5:7). By geleentheid sal ek die saak afhandel, as ek daartoe aanleiding vind. In die geleentheid wees om iets te doen. In hierdie omgewing is daar genoeg werkgeleentheid vir so 'n energieke man.*

Daar is met ander woorde geleenthede ten opsigte van verhoudings, jou loopbaan, rus, jou diens aan God, rykdom, hulp, verraad en onnoembaar baie ander sake. Dit beteken nie dat ons lewens net deur geleenthede in beslag geneem word nie. Daar is 'n verskil tussen ware geleenthede en die klatergoud van misleiding. Per definisie is 'n geleentheid iets buite die gewone verloop van sake. Eie aan mense se persoonlikhede gaan hulle geleenthede raaksien of opsoek.

Die gemotiveerde persoon gaan ook meer geleenthede raaksien en opvolg, kyk maar na die WAT se voorbeeld ten opsigte van Judas Iskáriot. Nie alle geleenthede is noodwendig positief nie en het ook nie noodwendig positiewe resultate nie. Geleenthede dui op die

oopheid van die toekoms. Die toekoms is blote potensiaal. Wat ons doen en dink in die hede gaan in die toekoms wys watter potensiaal gerealiseer het. Ons neem uit die tallose moontlikhede en reageer op hulle. Soms doen daar meer as die gewone moontlikhede hul opwagting en dan staan dit ons vry om daardie geleenthede aan te gryp.

Dit is nie altyd so dat geleenthede eenmalig voordoen nie. Daar is wel 'n element van kans vat wat gepaard gaan met geleenthede aangryp, maar dieselfde is waar van die alledaagse lewe - alles is op eie risiko. Jy moet die saak oordink. Geleenthede wat sporadies, onnadenkend opgeraap word, kan later blyk 'n lokval of dryfsand te wees.

Die unieke geleentheid is daardie een wat net eenmalig sy opwagting maak. Die hartseer is dat ons male sonder tal nie die uniekheid van sodanige geleentheid raaksien nie, dit nie aangryp nie. Dit is dan in die tru-spieël van die lewe wat ons raaksien dat ons 'n besondere geleentheid verbrou het.

In verhoudings het ons by herhaling geleenthede wat kom en gaan. Soos die geleentheid om vir jou gade te sê dat jou liefde opreg is. Dit moet meer as net op Valentynsdag gebeur. Hoe baie mense loop met spyt in hulle harte omdat hulle nie die baie geleenthede gebruik het om vir geliefdes te sê dat hulle mekaar lief het nie?! Dit is belangrik om telkens jou liefde en waardering uit te spreek teenoor die mense in jou lewe wat jou lewe vul met vreugde. In verhoudings kan ons ook waardering ervaar vir die geleenthede wat nie aangegryp word nie. Die geleentheid om ontrou te wees, die geleentheid om kwaad te word, kwaad te wees of kwaad te bly, die geleentheid om te neem sonder gee en vele ander geleenthede wat nie opgeneem word nie. "Dankie my liewe mens dat jy met toewyding so kies dat ons verhouding kan floreer."

Ons is redelik aan die begin van die nuwe jaar. Met die geleidelike ophef van beperkings en die groot hoop dat inperkings en die ramptoestand totaal opgehef kan word, moet ons weet dat daar baie meer geleenthede kan kom. Ons moet geleenthede oordeelkundig aangryp.

Onthou net; die beste geleentheid om die Here te dien begin elke Sondag in die erediens in geselskap met Sy uitverkore volk. Gryp die dag aan, dien die Here. CARPE DIEM, SERVITE DEUS.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### HEIDELBERG BEROEP

Gemeente Suikerbosrand het vir Ds Pierre Britz beroep en die beroep is aanvaar. Daar sal eersdaags kommunikasie aangaande sy bevestiging en ontvangs uitgestuur word.

### GHG DAGBESTUUR

Enkele sake van belang geopper tydens die bestuur se vergadering van 4 Februarie 2022

Die bestuur het instemmende kennis geneem van die volgende gelukwensinge:

Geluk aan Prof. Pont met sy 66 jarige ampsjubileum.

Geluk aan Prof. van der Westhuizen met sy 60 jarige ampsjubileum.

Ds Jan Schroeder met sy emeritaat.

Die bestuur het met hartseer kennis geneem van die afsterwe van:

Ds. Freek van der Merwe
Ds. Lou Swanepoel
Ds. Piet van der Merwe

Daar is kennis geneem dat Ds. Dirk van Rooyen bedank het as predikant van Rustenburg gemeente.

Ons is saam met hulle gesinne besorg oor die gesondheid van Ds. Ben Erasmus en Prof. Pont.

Die bestuur het verder besluit op 'n protokol ten opsigte van geleenthede in gemeentes. Gemeentes word versoek om die bestuur te kontak ten opsigte van alle gedenkwaardige gebeurtenisse. Ons gee vir mekaar om en sal wil deel in die hartseer en vreugde van ons geloofsgemeenskappe.

HUWELIK, GESINSORG EN OPVOEDING

Die kategese materiaal van Gemeente Koster is op die webblad van die GHG geplaas en kan daar afgelaai word.

Twee omsendbriewe in die verband is gestuur.

Daar sal later ‘n omsendskrywe in verband met die Bybel vasvra gestuur word.

KURATORIUM

Die bestuur spreek sy instemming uit rakende die kuratorium se hantering van die hele Rustenburg saak. Die bestuur staan solidêr met die kuratorium.

OUDITERING VAN BOEKE: Verder moet die verskeie verenigings daarop gewys word dat hul **wettig verplig** is om hul finansiële state jaarliks te laat ouditeer.

PREDIKANTE BERAAD 2022 VERPLIGTEND: Gemeentes / voorsitter van ouderlinge vergaderings moet gekontak word om toe te sien dat predikante die predikante beraad bywoon.

## OPMERKINGS TEN OPSIGTE VAN DIE HOFSAAK.

### Historiese aanloop

Gemeentes het met behoorlike kennisgewing tydens gemeente-vergaderings hulle eiendomme wettig aan verenigings geskenk. Die Kommissie van die AKV het die gemeentes van onregmatige optrede beskuldig en hulle het aangedring op die eiendomme van gemeentes deur middel van klein groepies ontevrede lidmate wat hulle in elke gemeente saamgebring het.

Die stryd het begin toe drie gemeentes gevra het vir 'n verklarende bevel dat hulle optrede wettig was. Daarna het die NHKA telkens met elke nuwe gemeente hofaansoeke gebring in verskillende howe - aansoeke dat die eiendomme aan die NHKA gegee moet word.

Na vele sake gesprekke voor die saakbestuurder en weiering daartoe deur die NHKA is al die sake tot een gekonsolideer. Onder bestuur van Regter Fourie is daar besluit dat 'n geskeide geskilpunt dalk sal bydra tot die oplos van 'n komplekse saak. Die geskeide geskilpunt is geformuleer en moes toe bereg word. Weens verskillende gebeurlikhede sou die saak Maandag 17 Januarie 2022 uiteindelik begin het.

### Die huidige sitting

Die verhoor self het eers een week later begin omdat die NHKA bereid was om sekere erkennings te maak. Dit moes eers op skrif geplaas word.

Die volgende erkennings is van belang:

- Die "advies van die Raad van Finansies" is nie rede tot onwettigheid soos beweer nie - die NHKA steun met ander woorde nie

meer op die verweer dat advies van die Raad van Finansies ŉ voorvereiste vir die skenkings was nie.

- Die AKV is 'n vergadering van die ampte en nie 'n vergadering van afgevaardigdes met mandaat nie. (dit beteken besluite is bindend op die gewete maar kan nie regsgeldig afforseer word nie - besluite oor eiendom van ŉ gemeente by die AKV het geen regsgeldigheid nie.)
- Die voorkoopreg verweer word laat vaar.
- Verskeie gebeurtenisse en handelinge (in 'n bundel saamgevat) word erken.

Maandag 24 Januarie 2022 het die regter met die aanvang van die dag die twee partye se advokate in haar kamers ingeroep en reël 33(4 ) van die hofreëls aangehaal. In die reël word gestel dat die hof enige punt kan opper wat die saak kan bespoedig ('n goeie reël, dit spaar kostes en spaar die howe se tyd en hulpmiddels). In die lig daarvan het sy die vraag aangaande die NHKA se belang ten opsigte van eiendoms-transaksies van gemeentes geskei, en beveel dat sy argumente daaroor wil aanhoor.

In leketaal het hierdie beginsel betrekking op kontrakte tussen twee partye. Indien twee persone 'n wettige kontrak het, kan 'n derde party nie van buite op inspraak aangaande die geldigheid van ŉ kontrak aandring nie. Dus het die NHKA nie 'n belang by die skenkings gehad nie.

Gemeente en vereniging was twee partye wat in 'n eiendom skenkings-ooreenkoms betrokke was. Die NHKA as derde party kan nie aandring op die wettige kontrak omkeer nie (*Privity of contract - A common law doctrine which prevents a person who is not a party to a contract from enforcing a term of that contract, even where the contract was made for the purpose of conferring a benefit on the third party*).

Dit bevestig <u>die soewereine eiendomsreg van die gemeente</u>. Die NHKA het in die hof op rekord hierdie punt toegegee. Hulle het erken dat hulle geen reg tot inspraak kan het op die transaksies van gemeentes het nie.

**Maar wat van Trichardfontein?**

Lesers moet kennis neem dat daardie situasie totaal anders as die huidige was. Tog is daar 'n belangrike beginsel wat deur altwee bevestig is. In daardie saak het die AKV (sinode) besluit om saam te smelt met die NGK om die NHofGK te word. Die besluit is op die AKV van die NHK geneem sonder om gemeentes te ken. Toe lidmate van Standerton gemeente nie met die samesmelting wil saamstem nie, het hulle as Standerton gemeente onafhanklike gemeente buite die saamgevoegde nuwe kerk, die eiendom van die gemeente teruggeëis. Die hof het in hulle guns besluit. Die hof se rede was dat die AKV buite sy bevoegdheid opgetree het. Standerton gemeente moes met meerderheidsbesluit die eiendom aan die nuwe NHofGK oorgedra het.

**Die verkeerde gevolgtrekking**: As net een lidmaat oorbly, bly die eiendom die eiendom van die gemeente.

**Die regte gevolgtrekking.** Die **eiendomsreg is in die gemeente gesetel**. Die gemeente as regspersoon besluit oor die gemeente se eiendom, dit

is nie iets waaroor die sinode kan besluit nie. Self in die geval so edel soos eenwording moet die gemeente oor sy eiendom beskik. Verder kan ŉ gemeente wegbreek van die kerk en onafhanklik funksioneer.

Die twee situasies is uiteenlopend maar dieselfde beginsel is nou weer bevestig naamlik dat eiendomsreg van die gemeente nie deur die sinode aan bande gelê kan word nie.

**Die situasie nou**

**Die regter het finale uitspraak oor die saak voorbehou. Dit beteken dat ons haar uitspraak teen April of Mei 2022 kan verwag.** In die eerste uitspraak van die regter na aanleiding van **NHKA erkennings is die volgende duidelik**:

- Gemeentes is onafhanklike regspersone.
- Enige inperking van eiendomsreg van 'n gemeente in die NHKA moet in die kerkorde en grondwet verwoord word.
- Die AKV kan nie wettig afdwingbaar besluit oor gemeentes se eiendomme nie.

Dit is met ander woorde **logies om af te lei dat**:

- Gemeentes se skenkings was wettig.
- Dit geld vir al die gemeentes wat in die hofsaak genoem word.
- Indien daar 'n klein groepie van 'n spesifieke gemeente is wat in die NHKA oorgebly het, sal hulle self en in eie naam - en nie onder die vaandel van die NHKA nie - bedrog of iets soortgelyk moet bewys indien hulle enige poging sou wou aanwend om die eiendomme op te eis.
- Die feit dat die NHKA in die hoofsaak erken het dat hulle nie 'n belang by die skenkings het nie, beteken dat hulle moeilik die saak op appèl kan neem.

Al wat oorbly is die teeneis, wat nou in die hof sisteem hanteer sal word. Die regter se finale uitspraak sal handel oor die **koste** en die **pad vorentoe**. Een van **drie uitsprake is moontlik**.

- Die regter bereg in die geval van die 2012 aansoek om verklarende bevel en bepaal dat die gemeentes wettig opgetree het. (*baie onwaarskynlik*)
- Die saak is "*moot*[1]". Dit beteken die saak is nie lewensvatbaar nie, dood in die water, steriel. Die saak kom dan tot 'n einde sonder enige verdere uitsprake.
- Die saak kan verhoor word, al is dit net van akademiese belang.

**Ons pad vorentoe sal bepaal word deur die inhoud van die regter se uitspraak.**

**DRUKWERK**
Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergawe boeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorie boeke
Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

[1] *Moot* vertaal na betwis. In die konteks beteken dit dat die geldigheid van die saak betwis word. Met ander woorde die saak maak nie intern sin nie.